


Die Lied van
Salomo 2
Jaco Neveling




Sy: ¹⁵ “Vang vir ons die jakkalse,
die klein jakkalsies wat die
wingerde verniel, ons wingerde
wat al bot. ¹⁶ Die man wat ek
liefhet, is myne, en ek is syne.”

Hooglied 2:15-16




Sy: ⁶ “Wie is dit wat daar soos ‘n rookwol uit die woestyn uit kom, omgewe deur die geur van mirre, van wierook, van al die lekkerruik-kruie in die handel?
⁷ Kyk, sy drastoel is die van Salomo self! Dit word begelei deur sestig soldate, van Israel se soldate.”

Hooglied 3:6-7



Sy: ¹¹ “Kom kyk na koning
Salomo, vrou van Sion; hy dra
die kroon waarmee sy moeder
hom gekroon het op die dag van
sy huwelik, die dag van sy
grootste vreugde.”

Hooglied 3:11



Hy: ¹ “Jy is mooi, my liefeling, jy is mooi. Jou oë is duiwe agter jou sluier. Jou hare is ‘n trop bokke wat teen die Gileadberge afkom. ² jou tande is so wit soos ‘n ry pasgeskeerde skape wat nou net skoon gewas is, elkeen met ‘n tweeling, nie een sonder ‘n lam nie.”

Hooglied 4:1-2



Hy: ³ “Jou lippe is soos
skarlakenrooi lint, jou mond
bekoor my. Die versielsels op
jou voorkop is soos granaatpitte
agter jou sluier. ⁴ Die aan jou
nek is soos die Dawidstoring
wat uit rye klip gebou is; aan
hom hang duisend skilde, al die
skilde van die helde.”

Hooglied 4:3-4



Hy: ⁵ “Jou twee borste is soos takboklammers, soos die tweeling van ‘n ribbok wat tussen die lelies wei. ⁶ Wanneer die aandwind begin waai en die skaduwees lank word, wil ek na my mirreberg, my wierookheuwel, toe gaan.” ⁷ Alles aan jou is mooi, my liefeling, niks aan jou is verkeerd nie.”

Hooglied 4:5-7



Hy: ⁹ “Jy het my hart gesteel, my beminde bruid, jy het my hart gesteel met een kyk van jou oë, met een skakel in die ketting om jou hals. ¹⁰ Ek hou van jou liefkosing my beminde bruid, jou liefkosing is beter as wyn, jou parfuum ruik lekkerder as al die lekkerruik-kruie.”

Hooglied 4:9-10



Hy: ¹¹ “Jou lippe proe soos
heuningstroop, my bruid, jou tong
soos heuning en dikmelk, en jou
klere ruik soo die Libanon. ¹² My
beminde bruid is ‘n tuin wat
toegemaak is, ‘n tuin met ‘n muur
om, ‘n fontein wat afgekamp is. ¹³
Jou liggaam is ‘n lushof,
granaatbome met keurige vrugte,
hennastruik saam met nardus,”

Hooglied 4:11-13



Hy: ¹⁴ “nardus en saffraan,
kalmoes en kaneel saam met elke
soort lekkerruik-kruie, mirre en
aalwyn saam met al die beste
lekkerruik kruie. ¹⁵ Daar is ‘n
fontein in my tuin, ‘n put met
borrelende water, strome van die
Libanon af.”

Hooglied 4:14-15



Sy: ¹⁶ “Word wakker noordewind,
kom, suidewind! Waai deur my
tuin, versprei sy geur! Die man
wat ek liefhet, kom na sy tuin toe,
hy gaan die keurige vrugte
daarvan eet.”

Hooglied 4:16



Hy: ¹ “Ek het na my tuin toe
gekom, my beminde bruid, ek pluk
my mirre, my lekkerruik-kruie, ek
eet my lekker vars heuning, ek
drink my wyn en my melk.”


God: “Eet, vriende, drink, word
dronk van die liefde.”

Hooglied 5:1




Sy: ² “Ek het geslaap maar my hart het wakker gebly. Toe hoor ek die man wat ek liefhet, klop en hy sê: ‘Maak vir my oop my beminde bruid, my duif, my volmaakte! My kop is nat van die dou, my hare is nat van die nag se klammigheid!’ ³ Toe sê ek: ‘ek het al uitgetrek hoekom moet ek weer aantrek?’”

Hooglied 5:2-6

A painting of a garden path with fruit trees and a body of water in the background. The path is made of light-colored stones and leads towards a body of water. On the left side of the path, there are several trees with green leaves and red fruit, possibly apples. The background shows a calm body of water reflecting the sky and the surrounding greenery. The overall style is soft and painterly.

Sy: “deure se knoppe. ⁶ Ek maak
oop vir die man wat ek liefhet,
maar die man wat ek liefhet, het
omgedraai en is weg.”

Hooglied 5:2-6

The background of the slide features a soft-focus photograph of a garden path. On the left, there are trees with green leaves and some red fruit, possibly apples. The path leads into the distance, flanked by more greenery. The overall tone is peaceful and natural. At the bottom of the slide, there is a solid dark blue horizontal bar.

Sy: ² “Die man wat ek liefhet is
af na sy tuin toe, na die kruie
beddens toe om sy skape tussen
die tuine te laat wei en om lelies
te pluk. ³ Ek behoort aan die
man wat ek liefhet, en die man
wat ek liefhet, is myne.”

Hooglied 6:2-3